






VGKSA SINODE KAAPSTREEK



**MAG
GEMEENTES
KOS GEE?**



Mag gemeentes kos gee?



Beriggewing in plaaslike koerante die afgelope naweek oor die sentralisering van enige voedselvoorsiening en hulp aan gemeenskappe in nood veroorsaak onrustigheid en onsekerheid by gemeentes. Hiermee saam is daar munisipale briewe en verklarings in dieselfde trant uit ander dele van die land, wat op sosiale media die rondte doen en hierdie kommer verdiep.



Huidige regulasies

Diaconia is in gesprek met die Wes-Kaapse regering om duidelikheid oor hierdie berigte en die standpunt van die provinsiale regering in die verband te kry. Intussen moet gemeentes voortgaan met die goeie werk en ook 'n voorbeeld wees van 'n werkswyse wat binne die vasgestelde maatreëls en amptelike regulasies handel.

Huidige regulasies bepaal onder andere dat 'n persoon wat tans direk by hulpverlening betrokke is, die nodige magtiging daarvoor moet hê. Dit sluit persone in wat by die verspreiding van kospakkies betrokke is en diens by sokombuise doen. Gemeentes wat in spanverband met geregistreerde organisasies werk, behoort nie hiermee 'n probleem te hê nie, aangesien sulke organisasie by magte is om permitte aan vrywilligers uit te reik. Gemeentes wat nie permitte het nie, moet liefers by hul plaaslike SAPD aanmeld en advies hieroor inwin.

Daar is 'n voorkeur vir koopbewyse of dan kospakkies wat by individuele huishoudings afgelaai word. Voorbereide etes is 'n risiko. Indien 'n gemeente betrokke is by die voorsiening van gekookte maaltye wat afgehaal moet word, moet die verspreidingsplan met al die voorkomende maatreëls wat getref word, aan die plaaslike SAPD voorgelê word. Laasgenoemde hou verband met die feit dat polisiëring in die verloop van hierdie verspreiding nodig mag wees of dat nakoming van maatreëls ondersoek kan word.

Verdere vereistes



Sosiale afstand moet toegepas word en handreinigers moet beskikbaar wees en gebruik word. Die dra van maskers in die openbaar is sedert 1 Mei 2020 verpligtend.

Dit is wenslik dat die projek ook met die samewerking of medewete van die plaaslike munisipaliteit en Departement van Sosiale Ontwikkeling geskied. Dit beklemtoon weer eens die belangrikheid van koördinerende en netwerke. Dit is wenslik dat 'n databasis bygehou word van persone wat baat by die voedingsinisiatief (ID-nommer, adres, kontaknommer, hoeveel persone in die huishouding) en dat hierdie lys op versoek aan die departement vir insae beskikbaar sal wees. Die vervaldatum van nie-bederfbare kos moet nagegaan word alvorens dit uitgegee word.

Ten slotte

Ons wag intussen op amptelike terugvoer van die Wes-Kaapse regering en dit sal onmiddellik aan gemeentes gekommunikeer word.

Seënwense

COVID-19 Projekspan